**DEPARTEMENT VAN VERVOER**

**NO. R. 44** **23 JANUARIE 2017**

## HANDELSKEEPVAARTWET, 1951 (WET NO. 57 VAN 1951)

## Wysigingsregulasies op Handelskeepvaart (Radio-installasies), 2016

Die Minister van Vervoer het, ingevolge artikel 356(1) van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), die regulasies in die Bylae gemaak.

**ME DIPUO PETERS, LP**

**MINISTER VAN VERVOER**

**DATUM:**

**BYLAE**

1. In hierdie regulasies, beteken "die Regulasies" die Handelskeepvaartregulasies (Radio-installasies) gepubliseer deur Goewermentskennisgewing No. R 506 van 26 April 2002 en Goewermentskennisgewing No. R 457 van 2 Julie 2013, soos gewysig.

**Wysiging van Regulasie 22**

2. Regulasie 22 van die Regulasies word hierby gewysig deur die volgende subregulasie na subregulasie (2) in te voeg:—

"(**2A**) Bykomende vereistes vir sekere skepe waarop hierdie Deel van toepassing is, naamlik—

(a) 'n klas D-vissersvaartuig;

(b) 'n vragskip van minder as 100 bruto tonnemaat wat minder as 40 seemyl van die kus af vaar,

en moet voorsien word van die satelliet-EPIRB van die tipe in regulasie 10(1)(f) bedoel."

**Kort titel en inwerkingtreding**

3. Hierdie regulasies heet die Wysigingsregulasies op Handelskeepvaart (Radio-installasies), 2016 en sal in werking tree op 'n datum in die Staatskoerant gepubliseer.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**